## BESPREKINGSDOKUMENT VAN DIE RINGSKOMMISSIE VAN DIE RING VAN LOUIS TRICHARDT AAN DIE SDR NOORDELIKE SINODE

> Twaalf predikante (Leiers) het besluit dat die NG Kerk se gemeentes, lidmate en vergaderinge nou uit geloofsoortuiging profeties openlik godsdienstig en demonstratief die president en regering se opposisie moet wees. Hulle roep alle gemeentes op om op 13 Augustus met aanbidding in eredienste hulle eiemagtige en eensydige besluit vir en binne die NG Kerk te bekragtig. Op hierdie wyse word die besinning en besluitneming oor die geldigheid, nodigheid, inhoud, karater, aanspreeklikheid of die gevolge van hierdie saak van kerkrade, ringe, sinodale bestuursliggame en sinodes weerhou. Dit doen hulle omdat hulle hulself as bemagtigde geestelike leiers sien wat nou ewe skielik die gevolge raaksien van 'n korrupte kleptokrasie. Egter, juis hulle was die leiers wat enige opstand en verset in die kerk teen hierdie kleptokrasie vir 20 jaar lank onderdruk, vermy of tersyde gestel het, soos met die werksaamheid van die Ring van Louis Trichardt in punt 12 uitgewys. Hulle het met 'n geestelike visie van versoening lidmate gelei het om skuld vir apartheid te bely en dan vergoeding te doen deur die opgee van werk, eiendom, identiteit en toekoms. So was hulle vir die regering 'n vennoot en het hulle gedeel in die mag van die regering terwyl die regering magtig was. Nou dat die huidige regering se mag taan, wil hulle weer deel word van die magsvorming van die opposisie. Dit sonder enige aanspreeklikheid vir hulle magsdeling deur die visie van versoening en die gevolge van hierdie visie van versoening vir magsdeling met die huidige regering. Hierdie leiers het presies dieselfde met die NP gedoen toe hulle magtig was en toe hulle mag begin verbrokkel het, eers mag gedeel en toe profeties geword teen die mag wat hulle gedeel het, toe die mag begin verbrokkel het. Dieselfde lidmate wat deur hierdie leiers se visie van versoening teen kaderontplooiing ontmagtig was en hulle self aan staatsplundering moes onderwerp het as versoening, sonder opposisie of verset, moet nou skielik met aanbidding die magsbasis vir hierdie leiers se godsdienstige opstand teen die regering wees. Predikante wat hulle self as geestelike leiers sien mag nie so iets vir die NG Kerk eensydig besluit en hulle eensydige besluit met lidmate se gebed en verootmoediging in eredienste in die kerk invoer nie. Nie twaalf nie en ook nie 'n duisend nie. Die NG Kerk word met behoorlike vergaderinge met behoorlike gesag en ordes presbiteriaal bestuur wat sake soos hierdie behoorlik moet behandel.

1. Die NG Kerk het in die tagtigerjare van die twintigste eeu in sy kerkvergaderings profeties teenoor die Nasionale Party begin raak toe die NP se politieke mag begin verbrokkel het. Nou wil die NG Kerk se moderator, die dagbestuur van die ASM en voorsitters van streeksinodes weer profeties raak – nou dat die ANC se mag openlik besig is om te verbrokkel.

2. Tydens die jare waarin die NP se mag sterk en oorheersend was, was die NG Kerk nie profeties nie. Hulle het in die politiek van die NP ingekoop as hulle eie mag deur hulle self voor te hou as die kerk vir die Afrikanervolk. Daardeur het hulle miljoene rande se staatsfinansiering vir hul welsynsdienste en teologiese opleiding verkry. Ook invloedryke poste in die NP, die Afrikaner-organisasies, die weermag en polisie, wat deur die kapelaansdienste deur die NG Kerk oorheers was, en ook openbare posisies in die gemeenskap.

Met die vestiging en uitbreiding van die politieke mag van die ANC sedert 1994 tot nou toe, was die NG Kerk ook nie profeties teenoor die ANC nie. Van die begin van die magsoorname deur die ANC in 1994 af het die NG Kerk in sy vergaderinge homself geposisioneer as die nuwe nasie-kerk vir die nuwe nasie. Daardeur wou die

NG Kerk se bemagtigde leiers weer deel in die mag van die nuwe regering. As nasie-kerk het die NG Kerk die bevoordeling van staatsgeld vir sy welsynsdienste en teologiese opleiding behou.

Die NG Kerk se bemagtigde leiers het gekies om ‘n vennoot van die magsuitoefening van die regering te wees, nie ‘n ondergeskikte nie.

En nou kom ds. Nelis van Rensburg met die dramatiese aankondiging dat ‘n groep bemagtigde leiers van die NG Kerk gebreek het met die visie en rol wat hulle self sedert 1994 gespeel het, om te deel in die mag van die regering, en nou in die Naam van die NG Kerk en sy lidmate die president en regering gaan opponeer. Deur ‘n dag van verootmoediging moet lidmate nou hierdie nuwe godsdienstige-politieke besluit en rol van hierdie self aangestelde leiers (hulle vorm geen instelling of kommissie van die NG Kerk nie) bekragtig.

3. Die woord en aksie waarmee die vergaderinge van die NG Kerk vanaf 1994 deel van die nuwe magsbedeling van die ANC wou wees, was - versoening. Die nuwe godsdienstige-politieke visie was dat die NG Kerk deur die kerk se geloof in versoening deur Jesus Christus ‘n middel sou wees tot burgerlike versoening in SA.

Hierdie visie en program om nie onderdanig aan die ANC se mag te wees, maar deel van die regering se mag te wees, was verwoord en uitgespel in die verslag wat genoem was – die VAM verslag. (VAM vir versoening, armoede en moraliteit) In hierdie verslag het die vergaderinge van die NG Kerk hulle self as deel van die mag van die ANC geposisioneer met die nuwe kerklik-ideologiese visie vir die NG Kerk – die Afrikanisering van die NG Kerk! Dit was die uitgespelde politieke visie van die VAM verslag. Deur sy lidmate te Afrikaniseer sou die NG Kerk die nuwe kerk vir die nuwe nasie wees, deel van die Afrika-visie en mag van die regering.

4. Die NG Kerk in sy vergaderinge het met hierdie geestelike visie sy lidmate teenoor die ANC opgestel om hulle self deur boetedoening met die nasie te versoen.

Lidmate moes volgens die NG Kerk se leiers hulle sonde oor apartheid bely en dan sodoende betaal vir die sonde van apartheid deur hulle posisies in die staat en ekonomie, hulle werksgeleenthede, werksbevordering, hulle kinders se beurse vir hoër onderwys, hulle kinders se plekke in sport, hulle kinders se toekoms volgens hulle vermoëns, hulle taal en hulle plase, as offer vir die godsdienstig-politieke visie van die NG Kerk van burgerlike versoening op te gee.

Die NG Kerk het in sy vergaderinge die rasgedrewe ideologie van die ANC ver-christelik deur die aanvaarding van swartbemagtiging te regverdig as ‘n vorm van boetedoening (Noordelike Sinode 1988) en net so is grondeise ook ver-christelik deurdat die NG Kerk volgens sy selfopgelegde taak as morele mentor van die nasie die morele waardes vir swartbemagtiging en grondeise opgestel het. ‘n Posisie en rol wat die regering nooit erken of aanvaar het nie.

Hierdie boetedoening as versoening het sy kulminasiepunt in die ASM se aksie van 2016 gevind. Die ASM (Algemene Sinodale Moderatuur) van NG kerk het lidmate van die NG Kerk opgeroep om tussen 11 en 16 Junie 2016 die Afrikaanse wit ras (sic) te verteenwoordig by die beplande politieke-geestelike optredes tydens die 16

Junie 1976 se veertigste herdenking op die Orlando stadium, by die Hector Peterson monument en in die Regina Mundi kerkgebou. Hiermee wou die  NG Kerk saam met ander kerke die nasionale simbole van Pan-Afrikanisme en Afrikaner-nasionalisme kaap en dit geestelike simbole van die Christendom gemaak het.

Dit was ‘n doelbewuste poging om die gemeenskap weer te probeer ver-kerklik. Hierdie verkerkliking van die burgerlike gemeenskap, wat volgens sy grondwet nie christelik is nie, het hulle in 2016 weer as versoening bemark. Wit Afrikaner mans moes hulle sondes van apartheid op Soweto se paviljoen voor Afrika gaan bely.

Die visie van die ASM  was om hierdie aksie op 16 Desember 2016 by die Bloedrivier monument te herhaal. Van hulle politieke-geestelike visies het niks gekom nie en daar het nie ‘n byeenkoms by Bloedrivier plaasgevind nie.

5. Sedert die NG Kerk in die gemeenskap met sy versoening deur die boetedoening van sy lidmate besig was, het die ANC doelbewus en planmatig sy rassistiese, sosialistiese en gesentraliseerde beleid in die gemeenskap deurgevoer met kaderontplooiing. Hierdie beleid en strategie is die kern van die skep van die huidige kleptokrasie en korrupsie.

Die NG Kerk het twintig jaar lank nie openlik vir sy lidmate onder hierdie rasgedrewe ideologie opgekom nie, dit ook nie openlik aangespreek nie maar net nou en dan met wenke deur die SARK probeer buikspraak doen.

Hierdie afwesigheid en stilte van die NG Kerk is deur die bemagtigde leiers geregverdig as sou die minderheidstem van die NG Kerk geen invloed in die gemeenskap hê nie. Dit was  egter nie waar nie. Die NG Kerk in sy vergaderinge het hul self deel van die magsdeling gevoel en wou nie as opposisie teen die regering optree nie. Lidmate wat dit gedoen het, is in vergaderings openlik deur predikante in die vergadering as rassiste uitgemaak.

Terwyl staatskaping in die gemeenskap plaasgevind het, het die ASM wit Afrikaner mans gesoek om hul apartheids-sondes in die openbaar te bely.

Daarmee het die vergaderinge van die NG Kerk sy lidmate teenoor staatskaping gepasifiseer en kaderontplooiing as regstellende aksie verchristelik.

6. Die NG Kerk het doelbewus gekies vir staatsfakulteite in sy teologiese opleiding. Daardeur kon hy homself  as nasie-kerk voorhou. Egter, dit was juis uit hierdie fakulteite dat daar ‘n heftige aanslag gekom het teen dit wat beskryf is as “ fundamentalisme.” Daarmee was bedoel die Pinkster- Puriteinse tradisie van die NG Kerk sedert die 1860 herlewings.

Hierdie afkeur en afmaak van hierdie geloofstradisie is in die NG Kerk deurgevoer deur die nuwe kerklike beleid van Missionaliteit. Hiermee is openlik standpunt teen die bekerings en herlewings van die NG Kerk se Pinkstertradisie ingeneem. Mense wat bekeer, godsvervuld word en ander mense tot bekering lei, is in die NG Kerk se nuwe geestelike visie “fundamentaliste”. Hierdie breuk in die NG Kerk met hierdie tradisie is die grondliggende rede vir die vorming van die Kairos-koinonia groepering.

Dit was nog altyd in hierdie geestelike tradisie van die NG Kerk wat verootmoedigingsdae in die NG Kerk uitgeroep was – dae van sondebelydenis waarin lidmate se sondes as rede vir die gemeenskap en land se ellendes erken is en lidmate verseker is dat as hulle hulself bekeer, God hulle met voorspoed en geluk sou seën. .

7. En nou kom twaalf geestelike leiers (die moderator van die ASM en die 11 moderators van die Streeksinodes) en verklaar die NG Kerk in opposisie teen die president en regering – sonder dat enige moderamen of bestuursliggame van die AS of die 11 sinodes deel van hierdie besluit was of hierdie verklaarde breuk goedgekeur het.

Die wyse waarop hierdie leiers nou skielik die NG Kerk as opposisie teenoor die president en regering wil opstel – is deur die uitroep van 'n dag van verootmoediging deur NG gemeentes en NG lidmate. Vir 20 jaar lank moes hierdie lidmate boete doen teenoor die regering sodat die NG Kerk in die mag van die regering kon deel, en moes alle wenke deur die kerk aan die regering deur die SARK gedoen gewees het omdat die NG Kerk geen invloed in die gemeenskap sou gehad het nie. Maar nou moet hulle openbaar in 'n verootmoedigingsdag openlik die geestelike opposisie van die president en regering word.

Hoe regverdig die groepie leiers hierdie omwenteling?

Hulle regverdig dit met die gevolge van die sosialistiese-gesentraliseerde beleid van die regering en die ineenstorting van wet en orde, dienslewering, die infrastruktuur en die ekonomie. Dit is die proses waarin die regering van die staat 'n mislukte staat maak.

Hulle regverdig dit omdat hulle nou skielik die openbare pleitbesorger wil word in die woorde van ds. Van Rensburg van die vernieling en gesteelde drome van ons lidmate en hul kinders.

8. Wat is die rede vir hierdie breuk?
Die werklike rede vir hierdie breuk van die NG kerkleiers, van hulle magsdeling met die regering tot amptelike en openlike opposisie van die regering, is selfreiniging. Selfreiniging van hulle vorige magsdeling met die huidige regering om weer in die nuwe voorsiene magsvorming te deel.

Die NG kerkleiers wil deel wees van die nuwe blokvorming van die opposisiepartye teen die regering met die oog op die 2024 verkiesings omdat die mag van die regering besig is om te taan. Net soos wat hulle gekies het om teen die NP te draai toe hulle mag begin taan het.

Die NG Kerk moet hulle self van die gevolge van hulle beleid van versoening, deur boetedoening om te kon deel in die mag van die regering, reinig. So asof hulle godsdienstige politiek van 20 jaar lank geen verbintenis het met die disfunksionaliteit van die regering en gemeenskap nie.

Hulle het lidmate gelei om die verlies van werk, geleenthede, kinders se studiebeurse en verdiende keurings, eiendom, skole, taal en toekoms te aanvaar as

vergoeding vir die sondes van apartheid. Hulle het kaderontplooiing regverdig met die regverdiging van swartbemagtiging en stilte oor die proses van staatskaping terwyl dit gebeur het. Hulle het binne die NG Kerk ‘n eie kaderontplooiing bedryf waarin hulle die persone wat magsdeling deur versoening ondersteun het, die leiers gemaak het en hulle wat dit nie gedeel het nie,  gemarginaliseer het.

En nou wil hulle gereinig wees van die  gevolge van hulle eie godsdienstig-politieke visie.

Hulle wil geen medeverantwoordelikheid dra vir die mag wat hulle gedeel het nie, maar hulle self weer voorhou as die groot geneesheer van die siel van die nasie. Hulle wil weer ‘n nuwe nasie-kerk met ‘n nuwe-nasie rol wees. In die woorde van ds. Van Rensburg wil hulle die diepste oortuigings, identiteit, trots en selfbeeld van die nasie deur die NG Kerk herstel. Maar voor hulle die hierdie nuwe godsdienstig-politieke geneesheer van die nasie kan wees moet hulle eers deur ‘n selfreinigingsseremonie gaan.

9. Hoe moet hierdie selfreiniging gebeur?
Deur openbare verootmoedigingsdienste in gemeentes en ‘n spesiale eie diens wat die geestelike leiers as leiers sal hou op 13 Augustus 2023.

Verootmoedigingsdienste op die voorbeeld van die Pinkster - Puriteinse tradisie wat die kerkleiers as fundamentalisme binne die NG Kerk gemarginaliseer het.

Die laaste keer wat die NG Kerk dit gedoen het was met die herlewings- en verootmoedigingsdienste van 1988. Met die aanvaarding van “Kerk en Samelewing” as alternatief op die vorige beleidstuk “ Ras, volk en nasie”, het die NG Kerk homself losgemaak van die visie van ‘n volkskerk vir die Afrikaanse gemeenskap. Dit was die direkte oorsaak vir die skeuring waaruit die APK uit die NG Kerk afgestig is. Vir hierdie nuwe beleid en skeuring het die NG Kerk leiers ‘n herlewing met verootmoedigingsdienste gehou wat in een groot diens op Loftus  deur dr. Willie Marais gelei was. Deur hulle sondes te bely en tot bekering te kom het die NG Kerk sy lidmate weer in vroomheid gekonsolideer en so probeer om die gevolge van die kerkskeuring oor  “Kerk en Samelewing” ter syde te stel.

Die NG Kerk kan moreel nie weer sulke verootmoedigingsdienste hou nie want hulle het hierdie geestelikheid as “ fundamentalisme” uit die kerk probeer uitrangeer. Maar dit is presies wat hulle nou weer wil doen. Die lidmate wat as fundamentaliste veroordeel is, is die mense wat nou weer die siel van die nasie moet kom genees met verootmoediging.

Nog meer, dit is lidmate wat die leiers gelei het om hul openbare posisies, geleenthede, eiendom en toekoms te moet opgee vir versoening, wat hulle nou weer moet kom verootmoedig. Maar nog meer! Die opvatting van aanbidding as mag om die president en regering te opponeer in eredienste en so tot ‘n val te bring vir ‘n gewaande blink nuwe toekoms, is die geestelikheid van die Belhar belydenis. ‘n Gees wat elke Streeksinode se lidmate openlik in ‘n verkiesing verwerp het. Lidmate wat die Belhar-belydenis verwerp het, moet hulle nou kom verootmoedig in die gees van Belhar. Hulle moet as opposisie van die regering bid vir die einde van die regering.

10. Wat moet in hierdie selfreinigingsseremonie van verootmoediging gebeur?

Wat moet gebeur is ‘n nuwe geestelike kontrak tussen die NG Kerk se sogenaamde bemagtigde leiers en lidmate. Hierdie kontrak is dat die NG Kerk se leiers sal ophou om die NG lidmate te laat boete doen vir hulle apartheidssondes as die lidmate nou vir die kerkleiers sal optree as die magsbasis vir hulle nuwe godsdienstige-politieke visie om die siel van die nasie gesond te maak.

Deur verootmoedigingsdienste sal kerkleiers lidmate nou finaal van die boetedoening vir apartheidssondes vryspreek en met hulle eie erediens vir leiers sal die ASM voor die hele NG Kerk hulle nuwe godsdienstige-politieke opposisie rol opneem.

Hoekom is dit ‘n reinigingsseremonie?
Want deur hierdie verootmoediging van lidmate sal niemand die kerkleiers aanspreeklik hou vir die ellende wat hulle met hulle magsdeling met die regering deur hulle versoeningsvisie help bewerk het nie.

Met hierdie eredienste maak die kerkleiers die president en regering alleen aanspreeklik vir die ellende wat die kerk in sy Afrika-visie met stiltes en boetedoening help bedryf het.

Hierdie selfreinigingsseremonie wat nou deur hierdie groepe leiers uitgeroep is, is geestelik niks anders as die ANC se amptenare wat die natuurrampe in Natal wil besweer deur reinigingsseremonies wat die bose geeste van die Anglo-Boereoorlog wil verdryf nie. Deur hierdie reinigingsseremonies sal amptenare wat huise op sand en riviere laat bou het, geen aanspreeklikheid vir hierdie ellende dra nie.

11. Kerkkaping teen staatskaping.
Hierdie eensydige besluit dat die NG Kerk as kerk in opposisie gaan teen die president en regering, en die hele kerk aan ‘n nuwe visie verbind om die hart van die nasie te genees, in die plek van die ou visie van versoening deur boetedoening, is kerkkaping. Dit kaap elke kerkraad, Ring, sinodale bestuursliggaam, sinode en ook die Algemene Sinode. Want dit neem hierdie besluit vir die kerk en eis die eredienste van elke gemeente op om op 13 Augustus 2023 met hulle aanbidding van die Here hulle besluit te bekragtig – voor die Algemene Sinode sitting in Oktober 2023.

Hierdie is volgens die openbare skrywe van Dr. Claassen (4.07.2023) nie eers ‘n besluit die ASM (Algemene Sinodale Kommissie) nie, maar net van die Dagbestuur van die ASM en die elf moderators van die streeksinodes. Daar is geen so instelling of bestuursliggaam met enige sodanige bevoegdheid in die NG kerk nie. Die biddag is ook nie aan kerkrade gekommunikeer nie, maar aan predikante. Maar dit is deur die Algemene Sekretaris van die ASM met die Amptelike wapen en leuse van die Algemene Sinode gekommunikeer.

Met hierdie optrede kaap hierdie groepie leiers die Algemene Sinodesitting van Oktobermaand. Wanneer hierdie sinode in sitting gaan is hierdie besluit reeds deur elke gemeente met aanbidding bekragtig.

Die Algemene Sinode self het nie eers die bevoegdheid om spesiale eredienste in gemeentes uit te roep nie, maar hierdie groepie leiers doen dit en bind die komende AS so aan ‘n besluit wat reeds vir hulle geneem en bekragtig is nog voor hulle daaroor kon besin.

Met hierdie kerkkaping wil hierdie predikante hulle self voorhou as die leiers wat nou staatskaping en die gevolge daarvan wil beveg deur hulle morele waardes as die genesing van die nasie voor te hou. Hulle wil staatskaping deur kerkkaping beveg.

Hierdie optrede van hierdie leiers is nie onbeplan en ondeurdag so asof hulle deur God en sy Woord skielik daartoe verlig is nie. Dit is voorafgegaan deur die kaping van die Noordelike Sinode in 2022 deur hierdie tipe kerkleiers wat die sinodesitting verander het na ‘n kongres met politieke sprekers wat presies die saak soos ds. Van Rensburg dit nou stel, toe reeds op hierdie sinode gestel het. Hierdie politieke toesprake is opgeneem en landswyd bemark en versprei in die naam van die Noordelike sinode. En hierdie jaar was die Wes-Kaapse Sinode net so deur sulke sprekers toegespreek.

‘n  Groepie predikante wat hulle self bemagtig deur die gesag van kerklike vergaderinge te kaap om hulle eiemagtige besluite die visie en missie van die hele NG  Kerk te maak, sonder die werksaamheid van enige amptelike vergadering van die NG Kerk, kan nie teen staatskaping die morele leiers wees nie. Hulle beklee hulle met dieselfde korrupte mag waarteen hulle wil veg.

12. Geen verskoning nie!
Kerkleiers kan nie naïwiteit, onkunde of goedbedoeldheid pleit vir hulle magsdeling met die regering, die gevolgde daarvan of hulle kerkkaping poging nie.

Hulle  versoeningsvisie vir die  burgerlike gemeenskap was ‘n beleid waarin die opposisie teen die sosialisme, sentralisering, kaderontplooiing, die bewerk van ‘n mislukte staat en die aanspreek van die ellende vir lidmate binne die NG Kerk doelbewus ondermyn, verswyg, ter syde gestel of gemarginaliseer is.

Daarvan was die deurlopende optrede van die Noordelike Sinode en Algemene Sinode teen die insette van die Ring van Louis Trichardt ‘n sprekende voorbeeld.

Alles wat die twaalf leiers nou skielik as sonde en bron van die land se ellende ontdek het, het die Ring van Louis Trichardt van 1997 af aan hulle uitgewys, maar dit is hoflik geminag.

Dit volgende standpunte is aan die Noordelike Sinode en AS deurgegee maar dit is ter wille van hulle versoeningsvisie toe gemarginaliseer.

1997 tot 2008 Die standpunt oor Gereformeerde verset teen ‘n wettelose staat.
2000 Oktober Die geloofsalternatief op die sekularisering van die kerk in die Afrika-visie van die NG Kerk se VAM verslag.
2005 Grondeise wat nie boetedoening en versoening kan wees nie.
2006.03.06 Strukturele verontmensliking en plaasmoorde.
2009.09.18 Die kerk in ‘n staat wat in die proses van mislukking is.
2010.08.13 Die Nasionale Demokratiese Rewolusie van die ANC

2015.04.25 Die versplintering van die gedroomde nuwe staatskerk van die NG Kerk deur die lidmate se verwerping van die Belhar belydenis.

Die kerkleiers het ook geen verskoning vir hulle doelbewuste minagting en misbruik van lidmate om hulle nuwe godsdienstige-politieke visie te bemagtig met ‘n reinigingsseremonie nie.

Hierdie disfunksionele moraliteit van die 12 en ander kerkleiers wat

a. lidmate wat hulle oordeel as fundamentaliste hulle nuwe magsbasis deur verootmoediging voor God wil maak,
b. lidmate eers gelei het om hulle werk en toekoms oor apartheid op te gee en passief teenoor die regering te wees, maar nou in hulle ellende waarin dit hulle gebring het die magsbasis moet vorm vir geestelike opposisie teen die regering.
c. lidmate wat die gees en inhoud van Belhar verwerp het, nou in die gees van Belhar teen die president wil lei,

is reeds in 2020 deur die Ring van Louis Trichardt in die kerkpers en openbare pers uitgewys en aangespreek as net dit – disfunksionele moraliteit.

Hierdie twaalf leiers kan nie met hierdie disfunksionele moraliteit hulle self teenoor die kerk en regering as die nuwe morele leiers wat die siel van die nasie gaan heel maak, opstel nie. Hulle kan nie met hierdie disfunksionele moraliteit die nasie se siel gesond maak nie. Hulle kan wel in een kerk Selfdegeslag verbintenisse as liefde volgens Jesus en as sonde teen Jesus verklaar en so ‘n kerk verskeur, terwyl hulle droom om die nasie se siel te kan genees in een magsblok van opposisie teen die president en regering. Maar dit is net dit. ‘n Magsdroom uit voeling met die werklikhede van die land en hul eie  kerk.

Hierdie verpolitisering van die kerk is ook deur die Ring van Louis Trichardt se afgevaardigdes in die vorige SDR openlik aangespreek en hulle het hulle openlik van die aanvalle op die president en regering in die 2022 Sinodesitting gedistansieer en gevra dat die verspreiding van hierdie politieke toesprake in die naam van die Noordelike sinode gestaak moet word
.

13. Verwerping.

Die Ring van Louis Trichardt en sy Ringsgemeentes en lidmate was nie deel van die visie van versoening deur boetedoening om mag met die regering te deel nie en sal ook nie nou deel wees van die nuwe visie om te deel in die mag van die nuwe eenheidsfront van opposisie partye teen die regering in die land nie. Aanbidding in eredienste is hoe ons Jesus Christus as Here en God verheerlik. Aanbidding is nie ‘n middel in kerkleiers se hande om godsdienstige politiek te bedryf nie.

Ons as Ringskommissie verwerp hierdie bemagtigde kerkleiers se poging om die aanbidding van die Here hulle selfreinigingsseremonie te maak waardeur hulle nie aanspreeklikheid vir hulle versoeningsvisie vir die nasie aanvaar nie of waardeur hulle hul nuwe gewaande mag as geestelike opposisie sanksioneer.

Ons sal nie deel van hierdie nuwe geestelike kontrak wees nie.

Ons bly die Here aanbid en bid vir die regering, regerings in mag, regerings wie se mag taan en  opkomende regerings  Ons kan nooit in aanbidding en deur aanbidding die regering se opposisie wees nie. Ons is teen sonde nie teen regerings nie. Alle sondes!

Dit is nie ons as kerk se taak om ‘n gesekulariseerde en animistiese nasie se siel te bedien nie.  Ons bedien die kerk van die Here Jesus Christus. Ons was nie en sal ook nooit ‘n nasie-kerk wees nie. Ons is die kerk van die Here Jesus Christus.

Om ons as NG Kerk in die Limpopo provinsie waarvan die blanke bevolking net 0.07% van die bevolking is, en ons minder as 30% van die 0.07% is, en net sowat 25% van ons lidmate eredienste bywoon, in ons aanbidding van God in eredienste, teen die president, wat uit hierdie provinsie kom, en die regering te verpolitiseer, is ‘n waansinnige droom wat nog net iewers in die Kaap gedroom kan word.

**14. Voorstel aan die SDR**
‘n Besluit waarin die NG Kerk se amptelike verbintenis in sy vergaderinge en die posisie van sy lidmate teenoor die regering  verskuif word van versoening met die regering, en die heersende politieke party, na amptelike opposisie teen die regering, is van so ingrypende aard dat dit net in kerklike vergaderinge openlik aan die orde gestel kan word vir deeglike besinning en besluitneming en nie deur enkele persone vir en namens die kerk geneem kan word en met eredienste bekragtig kan word nie.

Die Ringskommissie Ring van Louis Trichardt.
2023.07.07

**Bylaag Openbare verklaring van Nelis van Rensburg**

Kerkgangers moet nóú vernietiging van siel van die nasie stuit Kerkmense het nou ’n reuse-profetiese verantwoordelikheid.

Ons moet die integriteit van ons nasie herwin, skryf Nelis Janse van Rensburg. Ons land is in die moeilikheid. Die skade wat die afgelope jare deur swak leierskap aangerig is, eis nou sy tol. Die werklikheid dat die regering nie behoorlik regeer nie, het nou op byna elke terrein grondgevat. In 1994 was ons almal hoopvol. Maar mettertyd het die sentralistiese en sosialistiese ideologie van die ANC sy kloue ingeslaan in elke aspek van ons bestaan. Nuwe wetgewing het algaande bevestig dat die regering alles sentraal wil beheer: elektrisiteit, water, paaie, gesondheid, onderwys, die ganse ekonomie... Samewerking met die burgerlike samelewing het laagtepunte bereik wat niemand kon voorsien nie. Selfs die subsidies vir die nie-regeringsorganisasies wat die staat help om sy werk te doen, het nou ernstig in gedrang gekom. Met ’n totale gebrek aan verantwoordbaarheid word die gesag van die parlement ook ondermyn en weerspieël die parlementêre debatte al hoe meer ’n gebrek aan respek vir die kiesers.

**Sonder die Grondwet sou Suid-Afrika waarskynlik teen hierdie tyd ’n slagveld gewees het.**
Die Grondwet se verbintenis tot die herstel van die historiese ongelykhede is misbruik. Terwyl die konstitusionele hof die een ná die ander uitspraak gemaak het wat die fyn balans tussen die regte van al die landsburgers probeer handhaaf het, het die regering en die ANC alles gedoen om die harmonie van verhoudings en belange onder druk te plaas en die nasie te polariseer. Sonder die Grondwet sou Suid-Afrika waarskynlik teen hierdie tyd ’n slagveld gewees het.
As hebsug heers...

Dit is asof die regering alle redelike oorwegings oor die massiewe werkloosheid, die ekonomiese agteruitgang, internasionale verhoudings en die ontwikkeling van die nasie se kundigheid, ondergeskik stel aan sy ideologiese voorkeure en oortuigings. Ons regering is klaarblyklik verbind tot ’n misplaaste ideologie en verkeerde politieke beleid. Die regering het ook die belange van die nasie ondergeskik gestel aan hebsug. Hy is al sedert die wapentransaksie van 1996 sonder ’n morele kompas. Politieke integriteit en vertroue was die slagoffers.

Dienslewering, op al die vlakke van regering, het egter ongekende laagtepunte bereik. Ons staatsdiens is ook in die moeilikheid, heel moontlik weens kaderontplooiing. Geen staatsdiens kan sy totale poel van kundigheid so vinnig suksesvol vervang nie. Die omvattende gebrek aan beskerming en instandhouding van staatsbates behoort ’n verleentheid vir die regering en staatsdiens te wees. Ons het altyd gedink as die staatsdiens net sal hou, sal ons die politieke transformasieproses kan deursien. Dienslewering, op al die vlakke van regering, het egter ongekende laagtepunte bereik.
Die skrif was aan die muur. Die kerk het die afgelope dekades ’n sterk profetiese rol gespeel. Reeds ná Polokwane, toe Jacob Zuma as president van die ANC verkies is, het die ekumeniese kerk al vir hom reguit en duidelik gesê dat hy nie die morele gravitas het om die land te lei nie. Hy het daarna sy eie kerke byeengebring met wie hy verder sou praat. Talle versoeke vir gesprek is vanuit die ekumeniese kerk aan hom gerig, maar sonder reaksie – tot sy aanstelling van Des van Rooyen as minister van finansies die nasie laat ontplof het. Tóé wou hy skielik met die kerke praat, binne twee dae, seker om iewers morele aansien te herwin, maar die afvaardiging het reguit vir hom gesê om te bedank.

Uiteindelik het die “Unburdening-veldtog” van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) mense die opsie gegee om anoniem na vore te tree met getuienisse oor korrupsie in die staatsdiens. Met die bekendmaking van die verslag op 18 Mei 2017 was die skrif aan die muur. Dit was hoofsaaklik druk vanuit die burgerlike samelewing wat hom uiteindelik agt maande later laat bedank het.

Die SARK het sy The South Africa We Pray 4-veldtog geloods. Die kerk het sedertdien voorleggings aan parlementêre komitees gedoen oor die Kieswet en talle ander inisiatiewe van die regering. Daar word ook gereeld gesprekke met pres. Cyril Ramaphosa gevoer om sy aandag te vestig op morele kwessies wat vir die kerk belangrik is.

**Verdraagsaamheid en begrip**

Solidariteit, tydens die struggle, het kritiese solidariteit geword. Nou word die verhouding tussen die kerk en regering openlik krities. Die kerk het ook oor die afgelope jare baie bygedra tot die ontwikkeling van ons samelewing. Kerkmense, asook ander mense, kom hulle plig na in weerwil van die klein persentasie mense wat steel en moor en minag.

Dit is immers nie die verhoudings tussen die diverse bevolkingsgroepe van ons land, of die groot klasseverskille, óf die wantroue tussen mense wat die nasie verongeluk nie. Ten spyte van die regering se minagting vir die fyn balans van die verhoudings tussen die mense van ons land, het ons (en talle ander) daarin geslaag om welwillendheid te laat groei en verstewig.

Ons kerke het belê in ʼn samelewing waarin verdraagsaamheid en begrip, deernis, omgee en wedersydse sorg die heersende waardes is. Op grondvlak is daar baie meer vertroue, goedgesindheid en mededeelsaamheid as waarvoor regeringslui en sommige politici wil erkenning gee. Dit pas net nie hul eng partypolitieke agendas nie. Die kerk se maatskaplike dienste aan alle rasse beloop miljarde rande. Dit wat goeie landsburgers vir mekaar doen, is onberekenbaar. Kerkmense, asook ander mense, kom hulle plig na in weerwil van die klein persentasie mense wat steel en moor en minag. My grootste kommer is oor ons mank politieke bedeling en die disfunksionele staatsdiens. Dít kan ons dalk nog oorleef, maar as ons karakter verkrummel, het ons baie groter moeilikheid.

**Die mense is mos nie dom nie**

Die swak leierskap in ons land het ʼn uiters negatiewe impak op die siel van ons nasie: "Siel" verwys na die nasie se diepste oortuigings, sy identiteit, sy trots of selfbeeld – sy verstaan van wie hy voor God is. Dit verwys na sy karakter, sy waardes, sy menswaardigheid, sy roeping en sy bestemming. Ons word genoop om te vra: Wat gebeur met die siel van ʼn nasie met korrupte politieke rolmodelle? Wat gebeur op ʼn diep, onsigbare vlak met ʼn nasie se geloof en hoop as sy president verdink word van geldwassery? As hy bloot swyg, sonder dat hy enige klinkklare verduideliking gee van wat gebeur het? Die mense is mos nie dom nie. En wat gebeur met die vertroue van ʼn nasie as sy polisiemag geïnfiltreer is deur bendes? En wat gebeur met mense wat bewus is van duisende onverhoorde misdadigers tussen hulle?

Wat gebeur as slegs 49.3% van gr. 1's uiteindelik matriek slaag? Wat het gebeur met die ander?

Wat gebeur met ʼn nasie se siel wat elke oggend lees van nóg geweld en moord en verkragting – van kinders en oumense, plaasboere en weerloses? Hoeveel gesinne en mense se trots, geloof en hoop is hierdeur verwoes? Hoeveel kinders is wees gelaat, hoeveel ouers kinderloos?
Wat gebeur as slegs 49.3% van gr. 1's uiteindelik matriek slaag? Wat het gebeur met die ander?

**Verniel en sonder drome**

Ons weet dat groepe wat getraumatiseer word eintlik dieselfde eienskappe toon as individue wat ernstige pyn beleef het. Groepe huisves vir dekades gevoelens van verlies en vernedering en ontwikkel ʼn negatiewe selfbeeld. Hulle ontwikkel kollektief ʼn onderliggende aggressie en raak anti-sosiaal. Dit is wat tydens apartheid gebeur het toe soveel mense hul verliese, vernedering en verwerping geïnternaliseer het. Dit het deel geword van hul identiteit. Maar hulle het ook ná 1994 hard probeer om ten minste bewustelik uit te breek uit die wurggreep van hierdie trauma, en die

meeste was suksesvol.

**Ons sien ons kinders, verniel en sonder drome.**
Dit was deel van die wonderwerk van post-apartheid Suid-Afrika. Maar in plaas daarvan om deur leiers bevestig en ondersteun te word, uitgelei te word uit ’n woestyn van vernedering, is hulle in die steek gelaat. Baie is weer getraumatiseer, verneder en verwerp. Talle, wat tydens apartheid nie goed genoeg was nie, is nou wéér nie goed genoeg nie. Hul verliese is nou meer verwoestend. Niemand beskerm hulle nie en niemand verstaan en help nie. Hulle word opnuut geminag deur die regering en opnuut verwond. Nou sien ons die gevolge. Ons sien hoe minagting en oneerbiedigheid toeneem. Ons sien die armoede en die armoede van gees, die uitsigloosheid en hoe karakterloosheid haar vlerke sprei. Ons sien ons kinders, verniel en sonder drome.

**Beskerm integriteit van verkiesing**
Die kerke verkondig verlossing, hoop en versoening. Ons belê in hoop en nuwe lewe. Ons bou brûe en ons protesteer. Maar nou het dit tyd geword vir ons almal om ons hande op te steek as trotse burgers van hierdie land. Die erosie van die siel van ons nasie moet nou einde kry. Ons kán ons integriteit herwin. Ons kan mekaar se belange beskerm en sonder bedrog leef.
Ons kan weer trots wees op ons land, sy infrastruktuur en sy natuurlike skoonheid. Ons kan ons kulturele verskeidenheid vier en ’n ruimte word waarin almal floreer.

Maar ons moet met ’n ander ideologie, beleid en benadering werk. Ons sal die fyn balans van regte só moet bestuur dat almal wen. Daarvoor moet ons ’n regering met integriteit kies.
Ons sal as kandidate moet deelneem aan die verkiesing. Daarvoor sal elkeen moet seker maak dat almal wat jy ken registreer vir die verkiesing en weet wat op die spel is. Daar is genoeg politieke partye waaruit ons kan kies. Ons sal moet help om die integriteit van die verkiesing te beskerm.
Kerkmense het nou ’n reuse- profetiese verantwoordelikheid: Om die vernietiging van die siel van ons nasie te stuit.
* Ds. Janse van Rensburg is voorsitter van die moderamen van die NG Kerk. Die menings in hierdie rubriek is dié van die skrywer en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

Bylaag

View this in your browser.

Nederduitse Gereformeerde Kerk
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Beste kollega

## SONDAG 13 AUGUSTUS 2023 DAG VAN VEROOTMOEDIGING NG KERK (SUID-AFRIKA EN NAMIBIË)

Selde was die Suid-Afrikaanse politieke omgewing so onseker soos in 2023. Kombinasies van politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede maak lidmate van die NG Kerk, soos die res van hulle landgenote, uiters bekommerd oor die lang- en korttermyntoekoms van Suid-Afrika.
Faktore soos politieke onstabiliteit, geweld en onverdraagsaamheid, sosiale konflik en geweld, negatiewe ekonomiese groei met gepaardgaande vraagstukke soos werkloosheid, armoede, swak

dienslewering en die vlug van kapitaal en kundigheid uit die land, dra by tot die toenemende onsekerheid en uitsigloosheid.
Endemiese korrupsie, die verswakking van die oppergesag van die reg en waarskynlik die grondwetlike staat en ’n energiekrisis wat elke inwoner van die land fisies en psigies raak, hou op kort en lang termyn implikasies vir die toekoms in.
Toenemende staatsverval, swak munisipale bestuur, diensleweringprotesaksies en die verbrokkeling van staatsentiteite, waaronder nie net Eskom nie, is uitdagings wat almal in die essigg staar.
Met die naderende verkiesing in 2024 gaan daar waarskynlik ’n eskalering van burgerlike onrus, geweld en spanning wees. Daar kan met ’n opstapeling van woorde voortgegaan word en feite kan nog verder beredeneer word om die benardheid van ons situasie te omskryf.
Teen hierdie agtergrond word die vraag al dringender gevra: Waar is die stem van die kerk in ’n samelewing en tyd waar daar soveel kantelpunte is? Hoekom is die kerk se stem stil? Die antwoord is dat die kerk, soos altyd, onvermoeid met dit waarmee sy geseën word, besig is om aandag te gee aan nood en om hoop te bring waar sy is. Dit is die werk en roeping van die kerk. Sy is ’n hoopdraer!
Die kerk bring egter nie net hoop deur dit wat sy doen nie, maar ook deur dit wat sy sê en bid. Die kerk moet haar besig hou met die adventus van God, die belofte dat God na ons toe kom en by ons is. God self kom na ons toe in hierdie uitdagende hede. God is teenwoordig; God is binne ons, en God is reeds en sal altyd en ewig met ons wees.
Gelowiges se vertroue kan nie op die kerk self geplaas word nie, maar wél op die belofte van die God in die hede. Die God van uiterste verrassings, die God van transformasie, die God wat heel maak en hoop bring en oor begin. “Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie” (Jes 59:1-2).
Die dagbestuur van die Algemene Sinode asook die voorsitters van die streeksinodes het besluit om met die oog op die uitdagings in ons lande ’n Dag van Verootmoediging op Sondag 13 Augustus 2023 aan te kondig. Ons versoek kerkrade om heelhartig aan hierdie geleentheid tot verootmoediging deel te neem.
Gemeentes word uitgenooi om tydens hulle plaaslike eredienste nederig voor die Here te buig oor die toestand van ons lande en saam te bid vir:

- genesing van ons lande
- leiers wat met integriteit regeer
- geestelike en morele herstel
- beter skoolopleiding vir kinders
- die veiligheid van ons mense
- herstel van ekonomiese vertroue en investering
- betroubare vennootskappe met die regeringsektor ten opsigte van maatskaplike dienslewering
- die verkiesing van 2024
- dié wat as gevolg van armoede, geweld of natuurrampe swaarkry.

Ons sal in die aanloop tot die Dag van Verootmoediging aan gemeentes liturgiese materiaal beskikbaar stel.
Daar gaan ook op 13 Augustus om 15:00 ’n verootmoedigingsdiens aanlyn uitgesaai word. Die dagbestuur van die Algemene Sinode sal die diens lei. Skakels sal vooraf uitgestuur word.
Kom ons neem deel!
Groete
Gustav Claassen
(namens die dagbestuur)

Teken Uit